# "Gees" en "Geeste" volgens die Openbaring aan Johannes

Jan A. du Rand
Departement Bybelkunde
Randse Afrikaanse Universiteit
JOHANNESBURG
E-pos:jadr@lw.rau.ac.za

**Abstract**

**"Spirit" and "Spirits" according to the Revelation to John**

*Theologians recently started debating the possibility of systematising a so-called doctrine of the Spirit in the book of Revelation. The intention with this contribution is not to reflect on this possibility from presupposed Pauline or Johannine projections but to allow the narrative of Revelation itself to provide a perspective on the role of the Spirit in the divine eschatological activity. It has become clear that "Spirit" in the singular form denotes the activity of the Spirit implied by the act of witnessing within the churches. The expression "seven Spirits" represents the fullness of the divine Spirit in relation to God, to the Lamb and to the church's witness to the outside world.*

*The narratological analysis indicates that the theological macro-narrative, the so-called God story, unfolds in three acts. The Spirit takes up a prominent role in the unfolding of the theological plot, namely to establish God's kingship on earth as it is in heaven. The theological message of establishing God's kingship on earth as it is in heaven empowered the believers to live from a meaningful perspective in which the role of the Spirit is of decisive importance.*

## 1. Probleemstelling

Is dit teologies verantwoord om enigsins van 'n boodskap oor die Gees volgens die boek Openbaring te praat? Kenmerkende uitdrukkings soos "die Gees van God" en "Heilige Gees" kom glad nie eers voor nie. Dit laat die vraagstuk verdiep of sekere sistematiese vooronderstellings nie afgedwing is op Openbaring om 'n "leer oor die Gees" aan te bied nie. Aune is dié siening toegedaan in sy nuut gepubliseerde kommentaar op Openbaring (1997:36) wanneer hy beweer:

"Discussions of the Spirit in Revelation have frequently been flawed by the tendency to read the evidence from the perspective of conceptions of the Spirit extraneous to the book itself". Coetzee wat gedurende sy hele akademiese loopbaan erns gemaak het met navorsing oor die rol en betekenis van die Gees in die Nuwe Testament meen egter dat die Gees 'n belangrike rol speel in die verhouding met die Seun en Vader (in mindere mate) en dat daar wel sprake is van 'n prediking oor die Heilige Gees volgens Openbaring (1988:289; vgl. 1981: 64; asook De Smidt, 1994:229-244; Du Rand, 1996:42-58).

Getuienis oor die rol van die Gees volgens Openbaring is 'n hermeneutiese aangeleentheid. Die navorser se keuses, voorkeure, metode van eksegese en teologiese vooronderstellings is medebepalend in die verkryging van bepaalde resultate. Indien die voorkoms van "Gees" slegs kwantitatief gekompileer word, sou die gevolgtrekkings eensydig wees. Indien dit egter funksioneel as deel van die narratiewe gang en teologiese bedoeling van Openbaring gelees en verstaan word, kan die resultate verrassend wees. Harrington (1969:45) stel dit versigtig só: "The Spirit does not figure prominently in the Apocalypse, but is by no means absent from the book". Die intensiteit van die sogenaamde "prominently" lê volgens Harrington waarskynlik in die beperkte voorkoms van "Gees". Harrington se siening weerspieël 'n eensydige hermeneutiese uitgangspunt wat vervang moet word met 'n andersoortige kwalitatiewe kyk na die hele vraagstuk. Die narratief van Openbaring self moet die funksionele teologiese rol en funksie van die Gees tot spreke bring.

## 2. "Gees" en "Geeste"

### 2.1 Algemene voorkoms

'n Oorsig van die voorkoms van die term πνεῦμα (τα) (gees(te)) in Openbaring lewer die volgende: In 1:4; 3:1; 4:5 en 5:6 is sprake van "sewe Geeste" wat volgens Bauckham (1993a:150-159) 'n wyer perspektief (as net dié van die gemeentes) verteenwoordig. Die uitdrukking "in die Gees" volgens 1:10; 4:2; 17:3 en 21:10 sou volgens 'n eerste waarneming te make hê met Johannes se profetiese ervaring. Die bekende profetiese formule: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê", volgens die sewe briefboodskappe (2:7, 11, 17, 29; 3:6, 13, 22), sou ook in dié profetiese kategorie ingedeel kan word. Dit geld ook van 14:13: "Ja", sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid ..."; asook 19:10 waar ons lees: "... Aanbid God, want dit is Jesus wat die getuienis gelewer het, en dit is die Gees wat die profesie gegee het". Die bekende 22:17 val ook in dié profetiese kategorie: "Die Gees en die bruid sê: 'Kom!'"

Volgens die profetiese kategorie hou die voorkoms van verwysings na "Gees" verband met Johannes se profetiese visioene asook die gemeentes se profetiese getuienistaak na binne, terwyl die wyer of universele kategorie, by wyse van

interpretasie, verwys na die getuienis na buite voor die hele wêreld deur die "sewe Geeste".

## 2.2 Die "Gees" werk deur Johannes en die gemeentes se profetiese getuienis

Johannes se ervaring as profetiese siener word by uitnemendheid deur die uitdrukking "in die Gees" getipeer. Dit beteken dat hy onder beheer van die Gees staan.

Wanneer Polikrates skryf dat een van die profetedogters van Filippus "geheel en al in die Heilige Gees leef" (Eusebius *Ecclesiastices* 1.5.24.2, 5) en dat Melito "in die Gees" bestaan, word dit volgens die verband betrek op 'n lewenslange ervaring van profetiese inspirasie. Volgens die Didage (11:7-9) het die uitdrukking "in die Gees" die neutrale betekenis van ekstatiese rede. Die teologiese betekenis van die uitdrukking het mettertyd plek gemaak vir geïnspireerdheid in die algemeen, met die klem op die fenomeen van ekstatiese rede en nie soseer op die oorsprong van die rede nie (Bauckham, 1993a:151).

Soms verwys "in die Gees", volgens Openbaring, bloot na Johannes se menslike gees (22:6). Die betekenis van sy opname in die hemel (4:2) is te verstaan in die sin van 'n vervoering in die menslike gees, eerder as wat dit 'n liggaamlike ervaring was. Dit kan in elk geval nie die voorkoms van "in die Gees" in 1:10; 4:2; 17:3 en 21:10 bevredigend en voldoende verklaar nie. In laasgenoemde gevalle verwys dit uitdruklik na die "Goddelike" Gees. God se Gees is die bemiddelaar van die visioenêre ervaring.

In 1:10 word die uitdrukking "in die Gees" tegnies aangewend om die visioenêre ondervinding van die vervoering in die Gees mee uit te druk. Dit skets die Goddelike Gees as outeur van die visioenêre ondervinding. Johannes se ekstatiese ondervinding het nie 'n opheffing van die normale bewussyn beteken nie maar beteken bloot dat sy sensoriese ervaring verplaas is deur visioene en wat hy gehoor het soos die Gees van God dit aan hom gegee het. Johannes het die visioene ontvang as simboliese voorstellings van gebeure wat reeds bestaan en wat nog kom (Roloff, 1993:32; vgl. Mounce, 1977:75). Caird (1966:21) noem dit 'n trans. Wanneer die Gees volledige beheer oorneem van iemand, word só 'n persoon "in die Gees" beheer. Lukas vergelyk die verskil so: om in ekstase te wees (Hand. 22:17), staan teenoor om in jouself te wees (Hand. 12:11). Volgens Lukas is die Gees die agent van visioene (Hand. 2:17; 7:55). Dit kom daarop neer dat wanneer iemand ophou om ἐυ ἑαυτῷ te wees, en só 'n persoon word ἐυ ἐκστάσει, verloor só 'n persoon sy uiterlike bewussyn. Daarom dat Josefus Bileam se profetering beskryf as van iemand wat nie meer ἐυ ἑαυτῷ is nie, maar deur die Goddelike Gees beheer word *(Antiquitates* 4, 118). Ons kry egter die duidelike indruk dat Johannes nie alle beheer oor homself verloor het nie maar dat

sy visioenêre belewenisse tog die ophef van die gewone bewussyn kon beteken het. Die naaste voorbeeld daarvan kan in Miga 3:8 gevind word waar die uitdrukking "in die gees" ook in die LXX gebruik word om die Goddelike gesag agter Miga se profetiese boodskap te beklemtoon.

Dit is opvallend dat in drie van die vier gevalle dat die uitdrukking "in die Gees", in Openbaring voorkom, dit in verband staan met die antwoord op 'n uitnodiging deur 'n engelwese. In 4:1 word Johannes genooi om op te kom na die hemelse wêreld; in 17:1 na die woestyn en in 21:9 na 'n hoë berg om die heilige stad Jerusalem te sien. Laasgenoemde twee keer dat die uitdrukking "in die Gees" voorkom, is parallel aan die bekende formule in Esegiël 3:12, 14: "Die Gees het my opgetel ..."

Net so is Johannes besig om die Goddelike bron van sy profesie en visioene te beklemtoon en nie as sodanig die psigologiese wyse waarop dit geskied te ontleed nie. Die inhoud van sy openbaringe kom van God af maar dit is die Gees van God wat die visioenêre ervaring gee. Teenoor Aune word die standpunt ingeneem dat die profetiese rol van die Gees in die boodskap wat bekend gemaak moet word, nie ontken kan word nie. Aune (1997:83) stel sy argument só:

> There is, then no reason for understanding any of these four passages (1:10; 4:2; 17:3; 21:10) as references to the Spirit of God. The phrase *en pneumati* is an idiom that refers to the fact that John's revelatory experiences took place not 'in the body' but rather 'in the spirit', i.e. in a vision trance.

Daarenteen, Johannes se verslag van sy visioenêre ondervinding "in die Gees" is deur die vroeë kerk beskou as Goddelik geïnisieerde profesie. En op grond van só 'n algemene beskouing deur die vroeë kerk het hulle ook hul bestaan in die periode van eskatologiese vervulling onder leiding van die Gees beleef.

Hierdie belewing en instelling van die vroeë kerk word verder benadruk deur die sewe keer dat "Gees" (enkelvoud) in die sewe briefboodskappe voorkom (vgl. 2:7, 11, 17, 29; 3:6, 13, 22). "Gees" (enkelvoud) kom ook in variante vorm voor in 13:9. Aan die einde van elke briefboodskap, as deel van die slot, funksioneer die uitdrukking: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê" as 'n verkondigingsformule of *Weckruf*. Só 'n formule het gewoonlik 'n tweeledige funksie gehad: in esoteriese sin as aanduiding dat wat gesê is 'n sogenaamde dieper betekenis het, en 'n paranetiese funksie om die hoorder op te roep om gehoorsaam te wees aan wat gesê is (vgl. Aune, 1997:150). In dié geval funksioneer dit as 'n soort profetiese gesaghebbende handtekening om die Goddelike gesag daaragter te beklemtoon. Parallelle aan dié betekenis is 4Q Damaskus dokument 2, 5-6, asook die Odes van Salomo 3; 10-11 en 1 Korintiërs 14:37-38. Die woorde van die verhoogde Christus moet gehoorsaam word. Die boodskap van die Gees is die boodskap van die verheerlikte Christus aan die

gemeentes. Dit loop parallel aan die soortgelyke patroon in die Judaïsme waarvolgens die profete die mondstuk van die Gees van God is (vgl. Bauckham, 1993a:167; Hill, 1971:401-418). Bauckham (1993a:168) gaan so ver om te konkludeer dat die Gees "almost exclusively the Spirit of prophecy" is. Die primêre taak van die Gees volgens Openbaring behels profetiese getuienis.

Volgens 14:13 antwoord die Gees self op die hemelse stem wat aan Johannes opdrag gegee het om op te skryf dat diegene wat van nou af sterwe, geseënd is. Die Gees bevestig dan dat die gelowiges wat volhard, sal rus van hulle arbeid. Sowel die hemelse seënspreuk (14:13a) as die bevestiging deur die Gees (14:13b) moet gesien word teen die agtergrond van die vroeë gemeentes se daaglikse stryd teen die dier en sy bose invloed. Ten spyte van die worstelstryd van die gelowiges gee God nie sy eie prys nie. Hy verlos ("hulle sal rus van hulle arbeid") en Hy beloon ("alles wat hulle gedoen het, volg hulle"). Die profetiese Gees getuig dat die Goddelike sekuriteit daarin setel dat die gelowiges se toekoms geborg is by en deur God. Die gelowiges se volharding en getrouheid in leer en lewe (14:12) demonstreer reeds hul bestemming. Die Gees se profetiese getuienis moet nie as 'n morele of lewegewende krag geïnterpreteer word soos by Paulus (Gal. 5:25) of in die Johannese geskrifte (1 Joh 3:24; 4:13) nie, maar fokus op die gelowiges se eindbestemming by die koms van Christus. Dit is die Gees wat die gelowiges nou reeds herinner aan hul eskatologiese eindbestemming. By só 'n uitsig vind hulle dan hul daaglikse insig!

Op hierdie stadium is dit 'n legitieme vraag om te vra of die Gees slegs deur die profete werk of ook deur die getuienis van die gemeentes. Volgens 19:10 sê die engel aan Johannes: "Aanbid God, want dit is Jesus wat die getuienis gelewer het, en dit is die Gees wat die profesie gegee het". Die getuienis wat Jesus lewer (μαρτυρία Ἰησοῦ – subjektiewe genitief), is die inhoud van die profesie wat die Gees gee. Die profetiese getuienistaak word direk betrek op Johannes én "jou medegelowiges wat aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het" (19:10). Die hele kerk dra die vaandel van getuienis. Die indruk word tog gewek dat dié profetiese getuienis binne die kerk geskied (vgl. Roloff, 1993:21, 3; Mounce, 1977:341; Barr, 1984:46).

In hierdie kategorie waarin "Gees"/"Geeste" voorkom, word ons aandag ten slotte bepaal by 22:17 waar die Gees en die kerk bid dat die Here Jesus moet kom. Hierdie bede is tot Christus gerig as antwoord op sy aankondiging dat Hy gou kom (22:12). In 22:17 is sprake van 'n Gees-geïnspireerde gebed. Die "bruid" is die kerk, gesien vanuit die perspektief van Christus se wederkoms. Dit is waarskynlik nie die sewe gemeentes volgens hoofstukke 1-3, nie maar die eskatologiese kerk wat bestaan by sy wederkoms.

Die Gees gee rigting aan kerk-wees op grond van Christus se wederkoms. Wanneer die huidige kerk saam die eskatologiese gebed bid, word die eskato-

logiese kerk 'n werklikheid alreeds in die hede. Dit is die Gees wat aan die huidige kerk sin en rigting gee ten opsigte van sy huidige bestemming wat alreeds bereik is én sy uiteindelike bestemming.

## 2.3 Die "Geeste" dra die getuienis wyd en ver

Die vier keer dat die uitdrukking "sewe Geeste" voorkom, lewer eksegetiese probleme (vgl. 1:4; 3:1; 4:5; 5:6). Sommige eksegete bring die "sewe Geeste" nie in verband met die Gees van God nie. Giblin (1991:71-73) meen dat "sewe Geeste" verwys na die sewe engele wat volgens Joodse tradisies diens doen voor die troon van God. Volgens die Joodse engeleleer is die sewe engele: Uriel, Rafael, Raguel, Migael, Seraqool, Gabriel en Remiel (Tobit 12:15; 2 Esra 4:1; vgl. 1 Henog 20:4Q Shirshabb). Volgens 8:2 verwys Openbaring egter op 'n eiesoortige wyse na die sewe engele en na die "sewe Geeste".

Die meervoud "geeste van God" kom nie in die Ou Testament voor nie en die term "Geeste" word nooit volgens die Ou Testament vir engele gebruik nie (vgl. Aune, 1997:33).

Die uitdrukking "sewe Geeste" word uiteenlopend geïnterpreteer. Volgens die tradisionele interpretasie simboliseer "sewe Geeste" die volheid van die Heilige Gees. Hierdie interpretasie het sy oorsprong in die Septuagintaweergawe van Jesaja 11:2-3 wat die sewe voordele beskryf wat sal heers onder die toekomstige Dawidiese koning. Dié siening is sowel deur die vroeë Judaïsme (1 Henog 61:11) as vroeë Christendom onderskryf (vgl. Smalley, 1994:130; Caird, 1966:15). Om die "sewe Geeste" met die Heilige Gees te identifiseer in só 'n tipiese trinitariese briefformule is nie vreemd nie. In Justinus (1 *Apologia* 6) is sprake van "die profetiese Gees". Swete (1908:274) meen dat die een Gees in sewe manifesteer op grond van die sewe gemeentes.

Teenoor bogenoemde sogenaamde tradisionele interpretasie is onder andere Giblin (1991:41), Roloff (1993:24) en Aune (1997:34) vas daarvan oortuig dat "sewe Geeste" die sewe engele voor God se troon is wat die kontak bewerkstellig tussen God en sy skepping. Só 'n siening het sy oorsprong in die Joodse apokaliptiese beeldspraak. Die term "geeste" was egter selde gebruik vir "engele" in die vroeë Joodse literatuur (vgl. egter *Jubileë* 1:25; 2:2; 15:31-32; 1 Henog 61:12). Volgens die Koemran-literatuur is "engele" deur dieselfde term as vir "geeste" aangedui (vgl. 1 QM 12:8-9; 4Q ShirShabb). Die uitdrukking "sewe Geeste" hou moontlik verband met Numeri 16:22 waar sprake is van die "God van die geeste van alle vlees" (Aune, 1997:34).

Krodel (1989:83) speur die oorsprong van die uitdrukking "sewe Geeste" terug tot die Babiloniese sterregodsdiens. Daarvolgens het Johannes die Babiloniese siening oor die son, maan en vyf planete gemoderniseer en verteologiseer.

Aune (1997:34-35) baseer sy standpunt dat "sewe Geeste" bloot verwys na die sewe engele voor die troon van God op die bevindinge wat die Koemran-vondste gewerp het op 'n baie moeilike eksegetiese onderwerp. Volgens die Koemran-tekste is "geeste" 'n algemene aanduiding vir engele te Koemran. Die uitdrukking "geeste van God" word byvoorbeeld onder andere aangetref in 4Q 403, 1, i:43 en ii:8, 9. Aune sluit sy betoog af met die volgende duidelike standpuntname: "The 'seven spirits' of Rev. 1:4 are equivalent to 'the seven spirits of God' of 3:1; 4:5; 5:6 and must be identified with 'the seven angels who stand before God' in 8:2" (1997:35). Die "sewe Geeste" is daarvolgens die sewe aartsengele.

Elke ernstige eksegeet wat Openbaring teologies wil verstaan, moet altyd eers by die Ou Testament begin. Daarom kan die moontlike agtergrond vanuit die Ou Testament lig werp op die twee keer dat die uitdrukking "sewe Geeste" in 4:5 en 5:6 voorkom. Volgens 4:5 word die "sewe fakkels" wat helder brand voor die troon gelykgestel aan die "sewe Geeste van God". En volgens 5:6 word die "sewe oë" van die Lam gelykgestel aan "die sewe Geeste van God" wat oor die hele aarde uitgestuur is. Dit reflekteer ongetwyfeld Sagaria 4:1-14 wat grondig ontleed moet word. Die fokusvers volgens Sagaria 4:1-14 is vers 6 wat só lui: "nie met mag en krag sal jy (Serubbabel – JADR) slaag nie, maar deur sy Gees, sê die Here, die Almagtige". Volgens die teologiese verbande van Openbaring wil Johannes beklemtoon dat God sy heerskappy op aarde vestig deur die Gees wat lynreg staan teenoor die oënskynlik onweerstaanbare krag van die dier.

Volgens die visioen van Sagaria (4:1-14) sien hy 'n goue kandelaar en bo-op "'n oliebak met sewe tuite en sewe lamppitte in elkeen". Dit herinner alreeds aan die kandelaar in die tempel volgens Eksodus 25:31-40 en 40:4. Sagaria sien ook twee olyfbome by die kandelaar, een regs van die oliebak en een links (4:3). Daarop vra Sagaria aan die engel wat die gesig beteken (4:11-13). Die engel verduidelik onder andere dat die sewe oë, "die oë van die Here is wat oor die hele wêreld kyk" (4:10). Toegepas, sou dit beteken dat die sewe lampe of tuite met lamppitte die sewe oë van die Here simboliseer wat weer kan dui op die Goddelike Gees (vgl. 4:6; Laato, 1994:56; Smith, 1984:203; Petersen, 1984:215-244).

Volgens Johannes se visioen identifiseer hy die sewe lampe voor die troon met die "sewe Geeste" (Op. 4:5). Die hemelse heiligdom is volgens sy visioene die prototipe van die aardse heiligdom. Die sewe fakkels of lampe korrespondeer dan met die sewe brandende lampe wat voor die Here brand in die aardse heiligdom (Eks. 40:25; vgl. Bauckham, 1993a:112-114). Dit is ook dieselfde lampe as in Sagaria se visioen. Die "sewe Geeste", net soos die sewe lampe/fakkels, hoort by die Goddelike wese. Op só 'n wyse is die "sewe Geeste" as uitdrukking onteenseglik aan God verbind, net soos in Openbaring 1:4; 3:1; 4:5 en 5:6. Volgens 5:6 word die uitdrukking ook geassosieer met die Lam. En volgens Johannes se toepassing is die oë van die Here ook die oë van die Lam (vgl. Sag. 3:9; 4:10).

In Openbaring 5:6 word die "sewe Geeste" van God geassosieer met die sewe oë van die Lam. Die Lam se alsiendheid, net soos God s'n, en sy krag lê simbolies in sy sewe oë en sewe horings (5:6). Die krag van die Lam (sewe horings) word gekontrasteer met die krag van die draak (vgl. 12:3: tien horings) en die dier uit die see (13:1: tien horings). Maar wat is die aard van die krag van die Lam?

Die "sewe Geeste" is volgens 5:6 die kragtige ("horings") alomteenwoordigheid ("oë") van God oor die hele aarde om die erkenning van sy heerskappy te bevestig. Die vestiging van God se koningskap op aarde vind plaas deur die werk van die "sewe Geeste". Met die verstaan van die onderliggende interpretasie van Sagaria 4 as basis, is die "sewe Geeste" die Johannese segswyse om die volvoering van God se heerskappy deur die werk van die Lam tot by die eindes van die aarde te benoem.

Deur middel van interpretasie word die "sewe Geeste" ook in verband gebring met die optrede van die twee getuies in 11:3-13 via die hermeneutiese verbintenis met Sagaria 4. Die twee getuies word beskryf as "die twee olyfbome en ook die twee lampe wat voor die Here van die aarde staan" (11:4; vgl. Sag. 4:3). Die "twee olyfbome" is waarskynlik te verstaan as die twee profete volgens Openbaring 11:10. Hulle is ook die twee lampe (11:4). Op só 'n wyse is die simboliek volgens Sagaria se visioen aangepas. Die eksegetiese afleiding wat gemaak kan word, is dat die "sewe Geeste" korrespondeer met die lewegewende olie, dit is die krag vir die kerk (twee getuies) se profetiese taak in die wêreld, soos Sagaria 4:14 dit stel: "Dit is die twee gesalfdes (olyftakke) wat in diens staan van Hom aan wie die hele aarde behoort". Die universaliteit van die getuienis word beklemtoon (Bauckham, 1993b:52).

Op grond van hul profetiese getuienis of dienswerk word die "sewe Geeste" oor die aarde heen uitgestuur. Die "horings" en die "oë" van die Lam simboliseer die krag en alomteenwoordigheid van God se getuienis deur die kerk waardeur die wêreld oortuig word van die oorwinning van die Lam. Die wye kosmos moet oortuig word dat God heerskappy voer.

Volgens 3:1 lees ons dat Christus die "sewe Geeste van God en die sewe sterre het". In die voorafgaande 1:16, 20 word verduidelik dat die sewe sterre die leraars is en die sewe lampe die sewe gemeentes. Die hegte verband tussen die "sewe Geeste" en die sewe gemeentes is opvallend. Die sewe gemeentes word ook die sewe lampe genoem (1:20) en die lampe op die goue lampstaanders (11:3-13) word geïnterpreteer as die "sewe Geeste" wat oor die aarde heen uitgestuur is as die Goddelike krag wat die kerk se getuienis dra.

Wanneer "Gees" in die enkelvoud voorkom, dui dit volgens Openbaring op die werk van die Heilige Gees binne die kerk en wanneer ons lees van "sewe Geeste"

kom dit voor in die verhouding met God en die Lam om as Heilige Gees die getuienis van die kerk universeel na buite te dra (vgl. Du Rand, 1996:49).

## 3. Die funksie van die Gees in die vertelgang van Openbaring

Die wyse waarop die uitdrukking "Gees" en "Geeste" voorkom, is funksioneel in die vertelgang van Openbaring. Wanneer Openbaring gelees word as 'n dramatiese narratief in 'n briefraamwerk is dit opvallend dat 'n verstaan van die funksie van die wyse waarop die uitdrukking "Gees" en "Geeste" voorkom, die leser help om die posisie en taak van die kerk beter in te sien. 'n Narratologiese raamwerk daag die leser uit om konstruktief betrokke te raak by die getuienistaak van die kerk. Die teologiese narratief van Openbaring het ook 'n pastorale bedoeling wanneer die funksie van "Gees" en "Geeste" verstaan word (Du Rand, 1991: 213).

Verskillende vlakke van narratiwiteit kan in Openbaring se vertelling onderskei word (vgl. Boring, 1992:702). Op die eerste vlak neem die leser kennis van Johannes se ervarings en die betekenis daarvan vir die kerk. Die tweede vlak vertel van die visioene van God en Christus. Die derde vlak handel oor die ontvouing van die inhoud van die seëls, trompette en wraakbakke. En die vierde vlak bied die omvattende teologiese motivering wat deur die ander drie vlakke veronderstel is. Ons kan laasgenoemde vlak die teologiese makronarratief noem omdat dit God se verhaal volgens sy perspektief (by wyse van spreke) reflekteer.

Genoemde vlakke ontvou formeel in drie bedrywe wanneer die narratief van Openbaring ontleed word (vgl. Du Rand, 1996:49). Die Gees funksioneer in al drie die bedrywe:

- Bedryf 1: God is betrokke by sy kerk op grond van die Christus-gebeure (Op. 1-3).
- Bedryf 2: God se plan van oordeel en verlossing ontvou in die *kosmos* op grond van die Christus-gebeure (Op. 4-11).
- Bedryf 3: God se oordeel en verlossing ontvou in die *geskiedenis* op grond van die Christus-gebeure (Op. 12-22).

In elke bedryf ontvou die plot van Openbaring, naamlik om God se heerskappy op aarde te vestig soos wat dit reeds die geval in die hemel is. Die Christus-gebeure (offer van die Lam) is die grondslag vir die ontvouing van die plot en het God se oordeel en verlossing tot gevolg. Die proklamering van die heerskappy van God op grond van die Christus-gebeure word gedra deur die getuigende rol van die Gees by monde van die kerk.

*Volgens die eerste bedryf* is Johannes *in die Gees* (1:10) terwyl hy God se openbaring bekend maak. Die effek van die verlossingswerk van Christus werk deur na die gemeentes in die profetiese begeleiding van die "Gees" (vgl. 2:7, 11, 17, 29; 3:6, 13, 22). Terselfdertyd dra die "sewe Geeste" (1:4; 3: 1) die getuienis van die betekenis van die Christus-gebeure verder die wêreld in.

Die getuigende rol van die gemeentes is direk afhanklik van die werk van die Gees.

*Die tweede bedryf* beskryf die uitwerking van die Christus-gebeure op die hele wêreld. Weer eens is Johannes in sy profetiese rol *in die Gees* (4:2). Wanneer God beskryf word as die Skepper (4), is die Gees teenwoordig om dié boodskap die wêreld in te dra (4:5); en wanneer Hy as Verlosser op grond van die offer van die Lam voorgestel word, word die boodskap deur die Gees (5:6) "oor die hele aarde uitgestuur". Die funksionele rol van die Gees is nie om te oordeel of te verlos nie, maar eerder om die proses van getuienis of verkondiging van God se heerskappy met krag te begelei.

*In die derde bedryf* ontvou die aanvaarding of verwerping van God se koningskap in die geskiedenis (12-22). Na die geboorte van die Messias (12:1 e.v.) volg die venynige stryd tussen God, die Lam en die Gees aan die een kant en die draak, die dier uit die see (Antichris) en die dier uit die aarde (valse profeet) aan die ander kant. Die rol van die valse profeet staan lynreg teenoor dié van die Gees (13:11-17). Die derde bedryf word afgesluit met 'n beskrywing van die nuwe hemel en nuwe aarde (21:1-8). Teenoor die oordeel oor die historiese Rome staan verlossing, uitgebeeld deur die nuwe Jerusalem, die bruid van die Lam. In dié historiese gang van gebeure is dit die profetiese rol van die Gees om die gelowiges te laat volhard. Die Gees bevestig dat die getuienisoptrede van die gelowiges, toe hulle oor die Lam se verlossing getuig het, hulle sal volg wanneer hul sterf (14:13). Die Gees se profetiese rol is om die gelowiges altyd te herinner aan hul afhanklikheid van God. Dit is ook die getuienis wat Jesus lewer (19:10). Volgens 19:10 is dit God wat aanbid moet word, Jesus wat deur sy sterwe die aangrypendste getuienis gelewer het en die Gees wat deur profetiese betrokkenheid die boodskap effektief moet maak. Die leser bly deurgaans bewus van die bepalende rol wat die Gees speel in die wesensbestaan van die kerk. Die getuienis van die kerk ("bruid") is byvoorbeeld Gees-geïnspireerd in sy verwagting van Christus se wederkoms (22:17). Die kerk se getuienis word formeel en inhoudelik gekonstitueer deur die profetiese rol van die Gees.

Openbaring se narratiewe raamwerk, in besonder die narratiewe Christologie, funksioneer as draer van wat dissipelskap genoem sou kon word. Dissipelskap word in dié narratief bepaal deur die funksie van getuienislewering. Die dood en oorwinning wat Christus behaal het, het die getuienisverhaal van die kerk geword. Die kerk se oorwinningstaak was egter nie om weer te probeer oorwin

nie, maar slegs om die behaalde oorwinning te proklameer. In dié proklamering speel die Gees 'n dominante rol. Die gelowiges deel in Christus se oorwinning deur daaroor te getuig onder leiding van die Gees. Boring (1992:719) vat dit so saam:

> From his transcendent throne of the universe, Christ is now present and active in the churches through the Spirit, especially through the activity of Christian prophets.

Die deelname van die Gees aan die getuienisproses is eskatologies gerig op die voleinding. Volgens die narratief van Openbaring gaan die Gees die gelowiges inisiërend voor in die verkondiging van God se heerskappy op aarde soos wat dit reeds in die hemel die geval is.

## 4. Die rol van die Gees in die teologiese boodskap van Openbaring

As uitgangspunt word daarvan uitgegaan dat die teologiese boodskap van Openbaring teosentries verstaan moet word. Dit is nie maar net 'n esoteriese antwoord op 'n krisis of kristalbalvlugte die toekoms in nie maar 'n teologiese getuienis oor God se doel en gang met sy wêreld (vgl. Yarbro Collins, 1984:68).

Die betekenis van Openbaring op kommunikatiewe vlak lê nie net in sy simboliek of historiese perspektiewe nie maar veral in sy teologies appellerende krag. Daarom sou 'n mens kon sê dat Openbaring 'n kontekstuele, teologiese boodskap bevat. Dit is die teologiese boodskap wat die lesers bemagtig om vanuit 'n bepaalde perspektief te leef. Die rol van die Gees na binne (ten opsigte van die kerk) is om aan die gelowiges 'n betekenisvolle teologiese selfverstaan te gee. Hulle moet hul plek binne God se wêreldplan verstaan en beleef. Dit was tipies volgens die Bybelse profetiese tradisie (vgl. Farrer, 1949:47; Minear, 1968:72).

Die boodskap van Openbaring kan uit verskillende teologiese hoeke geïnterpreteer word:

- Schüssler Fiorenza (1991:117-139) lees Openbaring uit 'n *praxis-georiënteerde* hoek waarvolgens sosiopolitieke en religieus-ideologiese vooronderstellings beklemtoon word. In hoofsaak is die rol van die Gees in so 'n lesing om aan die sosiaal veronregte 'n perspektief van hoop te gee. Om Openbaring se boodskap te interpreteer met die *Messiaanse oorlogmotief* as die dominante perspektief gryp terug na die Joodse verwagtinge van 'n Messias wat as afstammeling van Dawid 'n militêre leier van sy mense sou wees (Giblin, 1991:222-231; Yarbro Collins, 1976:207-231). Die Gees neem aktief deel aan só 'n proses om die vestiging van God se heerskappy te bekragtig.

- Nog 'n teologiese invalshoek is die interpretasie van 'n *eskatologiese eksodus*. Daarvolgens staan die lammotief sentraal. God verlos sy eie en oordeel die onderdrukkers. Die nuwe volk van God staan voor 'n nuwe intog (vgl. Casey, 1981:134 e.v.; Bauckham, 1993a:70-72). In die nuwe eskatologiese eksodus is die rol van die Gees profeties om te getuig oor die verlossing wat deur die Lam se offer bewerkstellig is. Die skema *verlossing-oordeel* pas ook in by dié interpretasie.

- Volgens die *historiese interpretasie* moet God se optrede in die geskiedenis as die dominante faktor gesien word. Soos Hy in die verlede opgetree het, só sal Hy ook in die toekoms geregtigheid laat geskied. Die gawe van die Gees was 'n belangrike ingrype deur God in die geskiedenis. Dit is daarom ook die Gees wat God se geskiedenis tot sy voleinding sal bring (vgl. Rissi, 1966:1-21; Holtz, 1980:258).

Bogenoemde invalshoeke bevat talle geldigheidsmomente maar konsentreer telkens net op 'n deel van die teologiese geheel. Daarom is dit verkieslik om Openbaring te lees vanuit die inherente literêre plot van die teologiese narratief self, naamlik dat *Openbaring* 'n *God-verhaal* is. Die inhoud van dié plot is afgelei uit die makronarratief van Openbaring wat fokus op die vertelling van die ontvouing van God se koningskap op aarde soos wat dit reeds in die hemel bestaan. Die narratiewe raamwerk waarbinne dié teologiese plot vertel word, is God se transendensie en immanensie (vgl. Du Rand, 1997:82). Anders gestel, die teologiese boodskap van Openbaring is kontekstuele, profetiese kommunikasie vanuit die perspektief van God-se-koningskap. Hierdie perspektief word toegelig in 11:15: "Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here, en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid."

God se "verborge bedoeling met alles" (10:7) word bereik wanneer sy koningskap erken word (11:16). Daarom word die kroningspsalm (2) dikwels aangehaal (vgl. 12:5; 14:1; 16:14; 17:18; 19:15, 19). Die heerskappy oor die wêreld het by wyse van erkenning God s'n geword. Die oordeel oor die onsedelike Babilon is deel van die erkenning van God se koningskap oor alles en almal (17:15-18:24).

Die verval van die koningskap van Israel en Juda, die Babiloniese ballingskap en die heropbou gedurende die Persiese tydvak beklemtoon nog eens die eskatologiese hoop van die vestiging van God se koningskap. Die Messiasverwagtinge dat onder andere die seun van Dawid die koningskap sou herstel, het die vlam brandende gehou. Gedurende die Nuwe-Testamentiese tydvak is die Joodse nasionalistiese verwagtinge verplaas deur kosmiese apokaliptiese verwagtinge. By die eerste historiese lesers van Openbaring sou dié klemverskuiwing ook ingetree het om 'n nuwe raamwerk van verwagting te skep deur die eskatologiese koningskap van God (vgl. Du Rand, 1991b:590). God se koningskap word oor-

gedra vanuit die perspektief van sy transendensie om juis die Romeinse keisers se wangebruik van mag teen te gaan.

God se almag en beheer oor die gang van die geskiedenis word verbeeld in die titel "Here, God Almagtig" (vgl. onder andere 1:8; 4:8; 11:17; 15:3; 16:7; 19:6; 21:22) en die vermelding dat Hy "op die troon sit" (vgl. 4:9; 5:1, 7, 13; 6:16; 7:15; 21:5) benadruk dat Hy koning is en dat sy heerskappy "van bo" kom. Die lesers beleef die teologiese boodskap dat God die koning is intens wanneer hulle God op sy transendente troon "sien" sit en dit gee gerusstelling en motivering vir elke dag. Om God te prys en "jou krone voor sy troon neer te sit" as bewys van algehele afhanklikheid (4:10) is simbolies van die mens se erkenning van God se koningskap. En die verbindingsbeginsel tussen God se transendensie (sy troon in die hemel) en die gelowiges se getuienistaak om sy koningskap te verkondig, lê in die uitdrukking "sewe Geeste voor sy troon" (vgl. 1:4). Die "sewe Geeste" oorbrug die huidige hemelse erkenning dat God (alreeds) koning is en die aardse stryd om die vestiging daarvan.

Die offer van die Lam is die hoofmoment in God se strategie om sy koningskap op aarde te laat erken deur die mense (vgl. 5:6; 7:17). Hy wat "op die troon sit", kom af aarde toe, by wyse van spreke, deur die offerdood van die Lam. Daardeur word die bose oorwin en God se koningskap gevestig op aarde. Vanuit so 'n teologiese perspektief kry die voltrekking van die oordele van God nuwe betekenis – nie net die negatiewe vernietigende betekenis nie maar as noodsaaklike deel van God se program om mense te oorreed om sy koningskap te erken. Die vernietiging van die bose vorm dus 'n belangrike deel van God se program (vgl. Boring, 1986:262; Vögtle, 1976:384).

God se koningskap word reeds erken in die kerk, die gelowiges wat as "'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak is" (5:10). In die hande van die Gees proklameer die kerk God se koningskap getuigend tot by die eindes van die aarde. Die doel van die kerk se getuienis is om die werk van Christus voort te sit. Dit is deel van die vestiging van God se koningskap om die wêreld op te roep tot bekering omdat die voltrekking van die oordele alleen nie volledig in die doel geslaag het nie.

Die kerk se getuienis voor die hele wêreld staan hoog op God se prioriteitslys, by wyse van spreke. Daarom speel die Gees die beslissende rol in God se eskatologiese aanloop na die einde toe. Dit is die Gees wat deur die profetiese getuienis van die kerk die nasies tot bekering bring maar ook oordeel aankondig oor diegene wat God se koningskap volhardend ontken.

Die Gees is die Goddelike waarborg en agent om deur die kerk God se koningskap te vestig. Die "sewe Geeste" verteenwoordig die volheid van God se Gees om die kerk se getuienis na die nasies toe te begelei. Op so 'n wyse word God se

oorwinning deur die offer van die Lam effektief. En om die kerk toe te rus vir sy getuigende sendingtaak werk die "Gees" (enkelvoud) deur die Christelike profete en gelowiges binne die kerk. Die "*Gees*" oortuig die kerk om as God se eskatologiese volk sy profetiese getuienis te lewer en die "*sewe Geeste*" stel die kerk in staat om sy profetiese bediening in die wêreld te volvoer om God se koningskap op aarde te vestig soos dit reeds in die hemel erken word.

## Bibliografie


AUNE, D.E. 1997. Revelation 1-5. Dallas : Word Books.

BARR, D.L. 1984. The Apocalypse as a symbolic transformation of the world. *Interpretation*, 38:39-50.

BAUCKHAM, R.J. 1993a. The climax of prophecy: Studies on the Book of Revelation. Edinburgh : Clark.

BAUCKHAM, R.J. 1993b. The theology of the Book of Revelation. Cambridge : University Press.

BORING, M.E. 1986. The theology of Revelation. *Interpretation*, 40:257-269.

BORING, M.E. 1992. Narrative Christology in the Apocalypse. *Catholic Biblical Quarterly*, 54:701-723.

CAIRD, G.B. 1966. The Revelation of St. John the Divine. London : Black.

CASEY, J.S. 1981. Exodus typology in the Book of Revelation. Ann Arbor : University Microfilms International.

COETZEE, J.C. 1981. The Holy Spirit in 1 John. *Neotestamentica*, 13:43-67.

COETZEE, J.C. 1988. Die prediking (teologie) van die Openbaring aan Johannes. (*In* Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament V. 7. Midrand : Orion. p. 253-314.)

DE SMIDT, J.C. 1994. The Holy Spirit in the Book of Revelation – nomenclature. *Neotestamentica*, 28(1):229-244.

DU RAND, J.A. 1991. Johannese perspektiewe, Deel 1: Inleiding tot die Johannese geskrifte[2]. Midrand : Orion.

DU RAND, J.A. 1991b. God beheer die geskiedenis: 'n Teologies-historiese gesigspunt volgens die Openbaring aan Johannes. (*In* Roberts, J.H. *red.* Teologie in konteks. Midrand : Orion. p. 582-596.)

DU RAND, J.A. 1996. "... Let him hear what the Spirit says ...": the functional role and theological meaning of the Spirit in the Book of Revelation. *Ex Auditu*, 12:43-58.

DU RAND, J.A. 1997. "... Your Kingdom come ... on earth as it is in Heaven ..." The theological motif of the Apocalypse of John. *Neotestamentica*, 31:75-91.

FARRER, A. 1949. A rebirth of images. The making of St John's Apocalypse. Gloucester: Smith.

GIBLIN, C.H. 1991. The Book of Revelation: The open book of prophecy. Collegeville : Liturgical Press.

HARRINGTON, W.J. 1969. Understanding the Apocalypse. Washington : Glacier.

HILL, D. 1971. Prophecy and prophets in the Revelation of St John. *New Testament Studies*, 18:401-418.

HOLTZ, T. 1980. Gott in der Apokalypse. (*In* Lambrecht, J. *ed.* L'Apocalyptique johannique et l'Apocalyptique dans le Nouveau Testament. Leuven : University Press. p 247-265.)

KRODEL, G.A. 1989. Revelation. Minneapolis : Augsburg Fortress.

LAATO, A. 1994. Zechariah 4, 6b-10a and the Akkadien royal building inscriptions. *Zeitschrift für Alttestamentliche Wissenschaft*, 106:53-69.

MINEAR, P. 1968. I saw a new earth: An introduction to the visions of the Apocalypse. Washington : Corpus.
MOUNCE, R.H. 1977. The Book of Revelation. Grand Rapids : Eerdmans.
PETERSEN, D.L. 1984. Haggai and Zechariah 1-8. Philadelphia : Westminster Press.
RISSI, M. 1966. Time and history. A study on the Revelation. Richmond : John Knox.
ROLOFF, J. 1993. The Revelation of John. A continental commentary. Tr. J.E. Alsup. Minneapolis : Fortress Press.
SMALLEY, S.S. 1994. Thunder and love. John's Revelation and John's community. Milton Keynes : Nelson Word.
SMITH, R.L. 1984. Michah-Malachi. Waco : Word Books.
SWETE, H.B. 1908. The Apocalypse of St. John. London : Macmillan.
SCHÜSSLER FIORENZA, E. 1991. Revelation, vision of a just world. Philadelphia : Fortress Press.
VÖGTLE, A. 1976. Der Gott der Apokalypse: Wie redet die christliche Apokalypse von Gott. (*In* Coppens, J. *ed.* La Notion biblique de Dieu: Le Dieu de la Bible et le Dieu des philosophes. Gembloux : Ducelot. p. 377-98.)
YARBRO COLLINS, A. 1976. The combat myth in the Book of Revelation. Missoula : Scholars Press.
YARBRO COLLINS, A. 1984. Crisis and catharsis: The power of the Apocalypse. Philadelphia : Fortress Press.